

23

HERSIENING

Lesse 13-22

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet die kern van Lesse 13 tot 22 hersien.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet die belangrikste feite uit Lesse 13 tot 22 ken.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om die belangrikste feite van Lesse 13 tot 22 te leer en te ken.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om dit wat hulle in Lesse 13 tot 22 geleer het, te gaan uitleef in hulle alledaagse lewe.

MEER INLIGTING

Hierdie kategeseboek se titel is *Ons leef in Jesus se kerk*. In hoofstukke 13-22 het ons gekyk na die volgende belangrike feite oor hoe ons in Jesus se kerk leef:

- Ons geloof word versterk, en daarom word ons vertrou in God al meer wanneer ons die tekens van die Doop en Nagmaal sien.
- Die koster is hoofsaaklik verantwoordelik om die kerkgeboue en kerkterrein in stand te hou, en ons moet bereid wees om te help sodat die kerk netjies kan bly.
- Ons gee met die regte gesindheid genoeg dankoffers en help met gemeenteprojekte sodat die evangelie van Jesus Christus verkondig en barmhartigheidswerk gedoen kan word.
- Ons het geleer wat 'n mens oor die Here kan sê en is bereid om dit aan ander mense te vertel.
- Die enigste manier om waardevol te wees, is om afhanklik van en dankbaar teenoor Jesus te lewe – dan is ons belangrik in sy oë, en dit is al wat saakmaak.
- God vergewe ons en het vir elkeen 'n spesifieke opdrag, maar die belangrikste is om aan

almal van sy vergifnis te vertel.

- God laat nie toe dat mense in sy pad staan met Jesus se geboorte en lewe nie, maar wil almal gebruik om deel van sy verlossingsplan te wees – ons moet vir almal daarvan vertel.
- God doen sy werk op aarde deur ons met sekere gawes en talente toe te rus.
- Ons is bly en dankbaar dat ons deel van God se huisgesin mag wees en wil daarom graag saam as *God se familie* by die kerk betrokke raak.
- Ons is bly oor die geboorte van Jesus, want dit is die beste boodskap vir die wêreld.

AANBIEDING

Jy het nodig:

(Indien jy nie die fondse en fasiliteite het vir onderstaande nie, reël asseblief betyds met jou kategesehoof of dominee.)

- Die Bybel.
- Prestik.
- Vier houers.
- 'n Skêr.
- 'n Pak malvalekkers.
- Twee A3-kartonne in verskillende kleure.
- Dieselfde kleure A4-kartonne om in elke kleur 'n stel vrae daarop te fotostateer.
- Dieselfde kleure A4-kartonne om in elke kleur 'n stel antwoorde daarop te fotostateer.
- Vrae wat **groot** op elke kleur A4-karton gefotostateer en daarna uitgeknipt moet word.

- Kan goeie dade ons in die koninkryk by God bring?
- Die engele het aan die..... in die veld verskyn.
- Watter twee sakramente leer ons dat Jesus ons Verlosser is?
- Hoekom moet ons dankoffers gee?
- Filippus het vir 'nvan Jesus vertel.
- Die Here het se naam verander na toe Hy hom stuur om te gaan preek.
- Kies die korrekte reëls vir die Kersgesang.
- Die woordjie *bely* beteken
- Kies die korrekte stelling oor ons liggaam.
- Die kerkgebou moet in stand gehou word deur die.....

- Antwoorde wat **groot** op elke kleur A4-karton gefotostateer en uitgeknipt moet word:

skaapwagters Doop sterrekykers dankoffers Nagmaal Ja sending

Etiopiër skriba Saulus koster Jood Paulus Nee

Omdat ons dankbaar is dat Jesus Christus ons gered het

Omdat ons daardeur in die hemel kan kom

*Voel jy nou ook sy warm liefde as ons die dag gedenk,
toe Hy sy Seun aan ons gegee het – ons grootste Kersgeskenk.*

*Voel jy nou ook sy arm liefde as ons die nag gedenk,
toe Hy sy Seun aan ons gegee het – ons grootste verjaardaggeskenk.*

....om iets te erken

Sommige ledemate van ons liggaam is meer belangrik as ander ledemate

....om iemand te vergewe

Al die ledemate van ons liggaam is ewe belangrik

- Doen die fotostaatwerk.
- Knip die een kleur antwoorde uit en gooi dit in 'n houer.
- Knip die ander kleur antwoorde uit en gooi dit in 'n ander houer.
- Doen dieselfde met die vrae.

KOM ONS BEGIN

Lees Lukas 2: 14 hieronder en open met gebed. Sê veral dankie vir die Here dat Hy vrede in ons lewens gebring het.

*Eer aan God
in die hoogste hemel,
en vrede op aarde
vir die mense in wie Hy
'n welbehae het!*

HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer die opdragte in Les 21:

- Vind uit –
 - waar hulle betrokke gaan raak in die gemeente.
 - waar hulle hulp gaan aanbied saam met die diakens.
- Vra die onderstaande vrae en help indien nodig:
 - Is dit altyd vir Christene maklik op aarde? *Nee, hulle kry ook soms swaar.*
 - Waarom hoef ons as Christene nie moedeloos te word nie? *Want God sal ons nooit verlaat nie, en Hy is dus altyd met ons.*
 - Hoe weet ons dat God met ons is? *Ons leer dat die Heilige Gees elke dag met ons is.*
 - Hoekom moet ons mekaar help? *Ons moet mekaar versorg omdat ons aan God se huisgesin behoort.*
 - Dink julle ons kan leef sonder om onnodig bekommerd of moedeloos te raak? *Ja, ons het 'n hoopvolle toekoms omdat ons aan God behoort.*
 - Is dit belangrik om kerk toe te gaan? *Ja, want die huisgesin van God versterk mekaar in die kerk.*
 - Hoekom is ons verbind aan God en aan mekaar in die kerk? *Omdat ons sterk "familiebande" het.*

- O Hoe is ons versoen met God? *Jesus het ons met sy dood en opstanding versoen met God.*
- O Is daar nog 'n rede hoekom dit belangrik is om kerk toe te gaan? *In die kerk word ons telkemale van God se verlossing verseker.*

VANDAG DOEN ONS HERSIENING

BEGIN SO

- Hou die inhoud by MEER INLIGTING baie kort aan die kinders voor – dit is basies die inhoudsopgawe van Lesse 13 tot 22.

IETS OM TE DOEN

- Kies die twee kinders wie se vanne eerste en tweede in die alfabet is.
- Laat hulle om die beurt een kind uit die res van die klas vir sy of haar span kies. (As daar net twee kinders in die klas is, laat elkeen sy eie span wees.)
- Gee vir elke span 'n gekleurde A3-karton en 'n pakkie Prestik.
- Die kleur van hulle karton is die kleur van hulle span.
- Gee vir elke kind in die span geleentheid om uit die houers met sy of haar span se kleur 'n **vraag en antwoord** te trek totdat al die vrae en antwoorde op is.
- **Hulle mag nie daarna kyk nie.**
- Hulle moet die regte antwoord by die regte vraag pas en dit dan op die A3-karton plak.
- Gee die teken, en hulle begin gelyk.
- Hulle kry maksimum **5 minute** om dit te voltooi.
- Die span wat eerste klaar is met die meeste regte antwoorde, wen die pak lekkers.
- Laat elke span hulle spanlede se name op die karton skryf, onvoltooide en verkeerde antwoorde invul en regmaak, en plak dit teen die muur.
- Laat elke kind die regte antwoorde by LEER hieronder in hulle boeke inskryf.

KORREKTE VRAE EN ANTWOORDE

- Kan goeie dade ons in die koninkryk by God bring? *Nee.*
- Die engele het aan die *skaapwagters* in die veld verskyn.
- Watter twee sakramente leer ons dat Jesus ons Verlosser is? *Doop en Nagmaal.*
- Hoekom moet ons dankoffers gee? *Omdat ons dankbaar is dat Jesus Christus ons gered het.*
- Filippus het vir 'n *Etiopiër* van Jesus vertel.
- Die Here het *Saulus* se naam na *Paulus* verander toe Hy hom stuur om te gaan preek.
- Kies die korrekte reëls vir die Kersgesang: *Voel jy nou ook sy warm liefde as ons die dag gedenk, toe Hy sy seun aan ons gegee het – ons grootste Kersgeskenk.*
- Die woordjie *bely* beteken *om iets te erken.*
- Kies die korrekte stelling oor ons liggaam. *Al die ledemate van ons liggaam is ewe belangrik.*
- Die kerkgebou moet in stand gehou word deur die *koster*.

BY DIE HUIS

Laat die kinders die volgende tuis doen en leer.

DOEN

- Herinner die kinders om 'n Kersbal saam te bring vir volgende week se klasaktiwiteit.
- Hulle gaan ook Kerskaartjies maak.
- Laat die kinders die volgende kodeteks tuis ontsyfer en leer, want volgende week is dit sy of haar wagwoord om te kan inkom in die klas. 'n Deurwag moet vooraf aangestel word wat self die *wagwoord* ken. Laat die kinders die volgende kodeteks gebruik:

(A = 1 B = 2 C = 3 D = 4 E = 5 F = 6 G = 7 H = 8 I = 9 ensovoorts)

Hier is die teks wat ontsyfer moet word.

23:1:14:20	19:15	12:9:5:6	8:5:20	7:15:4	4:9:5	23:5:18:5:12:4
Want	so	lief	het	God	die	wêreld
7:5:8:1:4	4:1:20	8:25	19:25	5:14:9:7:7:5:2:15:18:5	19:5:21:14	
gehad	dat	Hy	sy	eniggebore		Seun
7:5:7:5:5	8:5:20	19:15:4:1:20		5:12:11:5:5:14	23:1:20	9:14
gegee	het	sodat		elkeen	wat	in
8:15:13	7:12:15	14:9:5		22:5:18:12:15:18:5	13:1:7	7:1:1:14
Hom	glo	nie		verlore	mag	gaan
14:9:5	13:1:1:18	4:9:5	5:23:9:7:5	12:5:23:5	11:1:14	8:5.
nie	maar	die	ewige	lewe	kan	hê.

LEER

- Laat die kinders die kodeteks hierbo leer. Onthou: Dit is die wagwoord vir hulle om toegang tot volgende week se klas te kry.
- Laat die kinders kyk of hulle die antwoorde kan onthou van die vrae wat hulle as groepwerk in die klas gedoen en geplak en in hulle boeke ingevul het.

AFSLUITING

- Lees onderstaande duidelik en gevoelvol.
- Vra een van die kinders wat wil, om daarna met 'n gebed af te sluit.

*Getuig vir Jesus Christus.
Dit is ons lewenstaak.
Ons weet dat elke een van ons
nie langer skaam mag wees,
maar dat ons met vrymoedigheid
die boodskap moet versprei,
sodat die hele wêreld hoor
deur woorde en deur daad:
Die Here Jesus is ons Heer
en almal moet Hom eer!
Getuig, getuig! Vertel, vertel!
Sê dit nou oral oor:
Die Here Jesus Christus
is Heer en Hy regeer.*